

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
4 Mei 1978

Onderwerp: Wat doen die Heilige Gees?
Pinksterdiens 1

Lees: Romeine 8 verse 1 tot 4

Teks: Romeine 8 verse 1 tot 4

Sing: Psalm 130 vers 1
Gesang 65 verse 2 en 8

“Gemeente ons staan dikwels tydens Pinkster voor die vraag, waarom daar so besonders klem gelê word op die Heilige Gees. Het Jesus dan nie alles volbring nie. Moet ons nie op Jesus konsentreer, ons lewe aan Hom oorgee en op Hom vertrou nie? Waar pas die Heilige Gees in?

“Paulus gee vir ons ’n duidelike antwoord in Romeine 8 vers 1: ‘Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.’

“Romeine 8 is die groot hoofstuk oor die Heilige Gees in die Bybel. As Paulus hierdie klassieke hoofstuk oor die Heilige Gees skrywe, begin hy met Jesus Christus: ‘Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie’. Paulus plaas nie die klem op die Heilige Gees en skuif Jesus Christus op die agtergrond nie. Intendeel, hy kan nie oor die Heilige Gees preek sonder om by Jesus Christus te begin nie.

“Hy begin met die aangryplike uitspraak dat die oordeel afgehandel is vir dié wat in Christus Jesus is. Dit beteken dat dié wat op Christus Jesus vertrou, vrygespreek is. Hulle saak by God is afgehandel. Hulle skuld is betaal. God sal hulle nie weer oordeel nie.

“Let op, daar staan: ‘Daar is dan **nou** geen veroordeling’ nie. Hierdie ‘nou’ verwys na Jesus Christus se kruisiging op Golgota; en dat daar ‘nou’ ná Jesus Christus se offerande aan die kruis by Golgota geen veroordeling meer is nie. Dit geld slegs vir hulle wat Jesus Christus as Verlosser aangeneem het; en nie vir hulle wat dit nie gedoen het nie.

“Broers en Susters, die positiewe boodskap vir gelowiges is: die oordeel is afgehandel vir hulle wat hul lewe aan Jesus gegee het. Die gelowige kinders van God mag nie weer aan die oordeel dink as iets vreesliks

nie. Hy mag aan die oordeel dink as 'n afgehandelde oordeel. Die hel is nie meer vir hom 'n bedreiging nie. Die hel is alleen 'n bedreiging vir hulle wat die Evangelie nie wil glo nie.

“Wat 'n heerlike boodskap: ons is vry van die oordeel!

“In vers 2 gee Paulus die rede waarom ons vry is van die oordeel: ‘Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.’ Waarom? Omdat Jesus Christus ten volle die oordeel van God op Golgota gedra het. Korrek. En tog gee Paulus nog 'n rede. Daar wag vir ons geen oordeel nie, omdat die Gees iets gedoen het.

“Die Gees [Heilige Gees] het nie gekom om iets by te voeg by wat Jesus gedoen het nie. Nee, die Gees voeg nie iets by nie, maar die Gees kom om Jesus en sy skatte in ons lewens in te dra. Die werk van die Heilige Gees volgens die Heidelbergse Kategismus is: ‘Wat glo jy van die Heilige Gees? Eerstelik, dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is. Ten tweede dat Hy ook aan my gegee is om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly.’ (Sondag 20 Vraag 53)

“Hier staan dat die wet van die Gees my vrygemaak het van die wet van die sonde. Ons sal dit beter verstaan as ons ‘wet’ met ‘mag’ vertaal. Die mag van die Gees het my vrygemaak van die mag van die sonde. Die Heilige Gees het dit gedoen in Jesus Christus. Dit beteken dat elkeen wat sy lewe aan Jesus Christus oorgegee het, mag weet dat die Gees hom vrygemaak het van die mag van die sonde en van die dood.

“Sonde en dood word hier as magte voorgestel. En teenoor hierdie magte, staan die mag ‘van die Gees van die lewe’ wat die mag van die dood in ons lewens beëindig het. Ons kom telkens in Romeine 8 hierheen terug, naamlik die Gees gee lewe, 'n lewe vry van die oordeel.

“Maar nou moet u daarop let, hier staan nie maar net so in die algemeen vir ‘ons’ nie. Hier staan ‘die Gees van die lewe in Christus Jesus het **my** vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.’ (Rom 8:2) Dit is 'n persoonlike saak. Paulus lewer hier 'n getuienis. Dit het gebeur in sy lewe. En Broers en Susters, elke mens moet bewustelik sy lewe oorgee aan Jesus Christus. Dit waarvan ons doop ons verseker het, naamlik vergifnis van sonde, moet ons waarlik aanneem. Ons moet bewustelik op Jesus vertrou, dan sal ons iets ervaar van

die magte van die Heilige Gees wat die magte van die sonde en dood in ons beëindig.

“Dit gaan dus in die werk van die Heilige Gees nie om iets nuuts nie. Die Heilige Gees se werk is spesifiek om Jesus Christus in ons lewens in te bring. Wat Jesus vir ons gedoen het, word deur die Heilige Gees in ons ingedra.

“Hierdie selfde werk kry ons weer in verse 3 en 4: ‘Want God het - wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees - deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van de sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.’ Dit gaan in vers 3 oor Jesus en in vers 4 oor die Heilige Gees. Hierdie twee staan nooit los van mekaar nie. Die Gees bring altyd vir Jesus Christus na vore.

“Die hoofbetekenis van vers 3 is die eerste drie woorde en die laaste ses woorde: ‘Want God het ... die sonde veroordeel in die vlees’. Dit beteken in die vlees van Jesus Christus. Deur Jesus Christus se kruisiging het God die oordeel oor die sonde voltrek. Daar is dus geen veroordeling vir dié wat hulle lewe aan Jesus Christus oorgegee het nie.

“Die vraag is, waarom moes Jesus nou hierdie oordeel oor die sonde kom dra? Kan ons nie self ’n bydrae lewer deur die wet te hou nie? Nee, die wet kan nie, omdat ons nie in staat is om die wet te hou nie. Trouens, daarvoor het God ook nie die wet gegee nie. God het nie die wet aan die Israëliete gegee en gesê: As julle hierdie wet hou, sal Ek julle my volk maak nie. Nee, God het Israel as sy volk aangeneem en daarna vir hulle die wet gegee. As vrygemaakte kinders van God het hulle opdrag ontvang om volgens die wet van God te lewe. Die wet is dus nie gegee om ons sonde te beëindig nie en ons ’n nuwe lewe te gee nie. Nee, daarvoor moes Jesus Christus na hierdie wêreld kom en sterwe aan die kruis en moes die Heilige Gees hierdie vrystelling van die sonde in ons lewe kom indra.

“Broers en Susters, dit moet ons opnuut verstaan: ’n mens kry nie deel aan die heil omdat jy jou bes probeer het nie. Nee, ’n mens probeer jou bes omdat jy deel gekry het aan die heil. ’n Mens gee jou lewe oor aan Jesus Christus en dan weet jy jou sonde is vergewe. Jy is nuut gemaak. En uit dankbaarheid vir hierdie vrye gawe leef ons dan deur die krag van die Heilige Gees volgens die wet van God.

“Om ons vry te maak, moes Jesus Christus ons vlees en bloed aanneem. Hy het in alles aan ons gelyk geword, behalwe dat Hy nie gesondig het nie. Daarom kan Hy saam voel in ons swakhede. Broers en Susters, wat ’n wonderlike troos.

“Voor watter versoekings het u hierdie week geswig? Teen watter sonde moes u ten bloede toe weerstand bied?

“Jesus Christus verstaan, want ook Hy het gely en is versoek. Hy weet hoe erg versoeking in ’n mens se lewe kan word. U kan maar by Hom gaan bely. Hy kan saam voel in u swakhede.

“Ja, Jesus Christus het ons vlees en bloed aangeneem, maar nie gesondig nie. Juis daarom kon Hy in ons plek die toorn van God dra. En Broers en Susters, hierdie vernedering het Hy nie net deurgemaak vir die sonde in die algemeen nie - maar vir u en my sondes in besonder. Ja, terwille van MY sondes is Hy deurboor. Dit moet ons bely. Terwille van MY sondes het Jesus mens geword.

“’n Heerlike Evangelie Broers en Susters. Die oordeel van die sonde is afgehandel in die vlees van Jesus Christus se sterwe.

“Ons moet bly wees dat ons vry is - dat ons by God ’n ewige en heerlike toekoms het. Maar is dit dan al? Het ons heil ontvang net om dit te geniet? Nee. Ons kry hierdie heil met ’n doel. Die mag van die sonde word in ons lewe beëindig: ‘sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie; maar na die Gees.’ (Rom 8:4) Die doel van hierdie wet is dat ons die wet nastreef, naamlik om God lief te hê met ons hele hart, siel en verstand; en ons naaste lief te hê soos onself. Dit kan ons slegs doen as die Heilige Gees in ons lewens is; en dan is dit vir ons maar net ’n strewe omdat geen mens (buiten Jesus Christus) in staat is om die wet ten volle te hou nie.

“Die wet is dus nie gegee om ons net van sonde te oortuig nie - dit ook - maar die wet is daar sodat ons deur die krag van die Heilige Gees volgens die wet kan lewe. Uit onself kan ons dit nie doen nie, maar ons kan daarna streef deur die krag van die Heilige Gees.

“Waaroor het dit vanaand gegaan, Broers en Susters? Allereers dat Jesus Christus die heil vir ons verdien het; en dat die Heilige Gees gekom het om Jesus Christus se heil in ons lewe in te dra. Ons moet ons lewe bewustelik oorgee aan die Heilige Gees. Ons moet dit ervaar. Tweedens is dit die Heilige Gees wat die heerskappy van die sonde en dood in ons lewe

verbreek, met die doel dat ons die wet van God kan hou: dat ons God met ons hele hart kan liefhê; en ons naaste kan liefhê soos onself. Dit doen die Heilige Gees in Christus Jesus volgens vers 2: 'Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.'

"Só gee God ons, in gemeenskap met Jesus Christus en die Heilige Gees, 'n nuwe lewe.

"Amen."

Kommentaar:

Daar is ongelowiges wat die Christelike geloof verwerp omdat hulle dink dat die Tien Gebooie hul vryheid om hulle eie keuses te maak, aan bande lê.

Om dit in korrekte perspektief te sien, laat ons die Tien Gebooie met verkeersreëls vergelyk:

Stel u voor iemand sou dink dat vryheid beteken dat daar geen reëls mag wees wat hom bind nie - ook nie verkeersreëls nie. Hy wil ry aan watter kant van die pad hy wil. Geen verkeerslig moet aan hom voorskryf wanneer hy 'n pad mag kruis nie. En om 300 km per uur in 'n 60 km per uur sone te ry, behoort sy vrye keuse te wees.

Dié persoon sal nie sy bestemming bereik nie.

Verkeersreëls is daar om jou te beskerm en te verseker dat jy jou bestemming bereik. Dit is nie daar om jou lewe in te perk nie.

Dit is presies wat die Tien Gebooie doen.

Dit is duidelik dat iemand wat moord pleeg, egbreek, steel, valse getuienis lewer en sy naaste se goed begeer, God se beskermende hand oor sy lewe verwerp en sy eie welstand in gevaar stel.

Diegene wat die eerste gebod verwerp - "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand" - distansieer hom van die bron van lewe en liefde. As jy God en Jesus Christus, die bron van lig en lewe, nie volg nie, SAL JY IN DUISTERNIS EN DOOD OPEINDIG. Daar is baie geredde en ongeredde mense wat daarvan uit hul eie lewenservaring kan getuig. Die persoon en samelewing wat God en Jesus Christus verwerp, kies dood en duisternis en word 'n hondsdol dier wat sy eie stert byt.

Matthéüs 22 verse 37 tot 40 som die Tien Gebooie op as die Gebod van die Liefde:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die

eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooue hang die hele wet en die profete.”

Dit het alles te doen met liefde.

“God is liefde.” (1 Joh 4:8,16)

Wat Dominee Bester se verwysing na die *Heidelbergse Kategismus* betref:

Daar is mense wat Gereformeerde gelowiges daarvan beskuldig dat hulle ’n geskrif wat deur mense saamgestel is, die *Heidelbergse Kategismus*, verhef tot dieselfde status as die Bybel.

Die *Heidelbergse Kategismus* is ’n opsomming van die Bybel, met ’n lys van verse wat elke spesifieke boodskap in die Bybel ondersteun. Dit kan dus beskou word as ’n inhoudsopgawe van die Bybel.

Die *Heidelbergse Kategismus* het op sigself nie gesag nie. Die gesag kom uit die Bybel, waarvan dit ’n inhoudsopgawe is.

Dit is op Frederik III se versoek tussen 1559 en 1576 geskryf deur Zacharius Ursinus, professor in Teologie aan die Universiteit van Heidelberg, Duitsland, in samewerking met sy Teologiese fakulteit; en Caspar Olevianus, die predikant van Frederik III.

Dit is aanvanklik geskryf as ’n handleiding vir Sondagskool en om leiding te gee aan predikante en onderwysers. Dit is tydens die Sinode van Dort (1618 - 1619) aanvaar en het daarna een van die *Drie Formuliere van Enigheid* van die Gereformeerde leer geword.

Dit bestaan uit 52 seksies, met elke seksie bedoel as ’n Sondagskoolles vir elke week, vir ’n jaar lank.